

Die huwelik as 'instelling van God' (met implikasies vir gay¹ huwelike)

G de Villiers
(Universiteit Pretoria)

ABSTRACT

Marriage as 'ordained by God' (with implications for gay marriages)

This article focuses on marriage. It appears that marriage is in the first place a social cultural institution with legal implications, and not religious by nature. Concepts and practices regarding marriage change along with social and cultural movements. Regarding the twenty first century, a marked shift from patriarchy towards equality has been observed. Marriage practices have changed: the man is no longer sole breadwinner and head of the household, the woman no longer only the pleasing wife and mother to his children. Simultaneously gay relationships are becoming part of social reality. Gay couples express a wish for their relationships to be acknowledged by religious institutions. What does the Bible say? Marriage as 'ordained' by God has no biblical foundation, especially not according to the traditionally quoted Genesis 2:18. In the twenty first century the concepts 'marriage, relationship, sin, sexuality and sex' need to be revised in order to comply with the biblical demand of love.

INLEIDING

'n Huwelik tussen twee mans, twee vroue – kan dit, mag dit? Godsdienstige leiers oor die wêreld – en dit raak nie slegs Christene nie – sit hande in die hare oor die hele kwessie van homoseksualiteit. Leiding word gesoek in heilige geskrifte om 'n gesaghebbende uitspraak van 'n (G)godheid voor te hou – maar tevergeefs. Die *verba divina* ontglip ons tergend, en tog het homoseksualiteit as sosiologiese kulturele en historiese werklikheid van die een en twintigste eeu gekom om te bly. Gay verhoudings gaan nie sommer verdwyn nie, ongeag godsdienstige oortuiginge oor die saak.

1 Ek gebruik die term *gay* omvattend om homoseksuele mans en lesbiese vroue in te sluit.

Lank is daar gedebatteer of 'n homoseksuele oriëntasie *sonde* is – of nie. Baie artikels is reeds hieroor gepubliseer; hierdie artikel gaan nie die *sonde*-kwessie van voor af ontgin nie. Ek gaan dus van meet af aan op die *huwelik* fokus en die volgende argumente aanvoer: die huwelik is 'n kultuurgebonde instelling; ons gebruik egter die Bybel om normatiewe uitsprake oor die huwelik te maak, sonder om daarmee rekening te hou dat 'huwelike' wat in die Bybel beskryf word, die sosiale en kulturele gebruike van 'n bepaalde tyd weerspieël; tekste wat gebruik word om aan te voer dat die huwelik 'n instelling van God is, moet op grond van eksegetiese argumente afgewys word; 'n heteroseksuele huwelik is nie die enigste moontlikheid vir 'n duursame seksuele verhouding nie.

1 HISTORIESE PERSPEKTIEWE

1.1 Ou Nabye Ooste

Vir die mens in die antieke tyd was die 'huwelik' 'n vanselfsprekende sosiale instelling (Berlejung & Mertz 2006:135). Dit was ondenkbaar dat iemand om welke rede ook al dit sou oorweeg om nie te trou nie. In die eerste plek was so 'n verbintenis noodsaaklik vir die voortbestaan van die menslike spesie – oorlog, hongersnood en pessiëktes kon 'n hele bevolking binne oomblikke uitwis. Maar verder het 'n 'huwelik' ook wetlike implikasies gehad ten opsigte van die instandhouding van die familiehuis/naam en wetlike erfgename. Baie van Hammurabi se 'wette' raak laasgenoemde (Kuhrt 1995:113).

'n Teks uit hierdie tyd (ongeveer 1792 vC) beskryf rites wat met so 'n verbintenis te make gehad het (vgl Kuhrt 1995:113). Dit was 'n lang en uitgerekte gebeurtenis. Die bruid se vader het geskenke (kledingstukke, silwer, ringe) aan die bruidegom gestuur. Daarna het die onderskeie families offers gebring in die tempels van hul tuisdorpe. Trougeskenke – kos en ander items – is vervolgens aan die huis van die bruid op 'n skinkbord afgelewer. Die vader van die bruid het reageer deur aan die broer van die bruidegom 'n geskenk te oorhandig – gewoonlik in die vorm van kos. So kon twee families deel in die voedsel wat beide geniet en tot hul beskikking het. Daarna het die bruidegom se familie die bruid se huis besoek waar almal 'n feesmaal geniet het, en 'n rite van die een of ander aard is uitgevoer. Op 'n gegewe moment het die moeder van die bruidegom opgedaag, en 'n ete is aan haar bedien. Sy het gebly vir 'n rite wat in die tempel uitgevoer is, asook vir die rituele bad van die

bruid met olie wat op haar uitgegiet is. Dan het sy en haar familie huis toe gegaan met nog meer geskenke en kos. Die bruidegom het in die huis van die bruid ingegaan en daar gebly vir vier volle maande saam met vier van sy bruiłofsmetgeselle. Uiteindelik het die bruidegom die bruid na haar nuwe huis geneem, en daar het sy by haar man en haar skoonfamilie gebly.

Dikwels is so 'n vrou nie met ope arms verwelkom nie – sy is die nuweling en het bowendien lojaliteite buite haar man se familie. Wanneer iets skeefloop, word sy die swartskaap en kry sy die skuld vir alles. Onder haar skoonmoeder het sy dikwels kwaai deurgeloop (Berlejung & Merz 2006:136). Sy was die buitestaander, 'n vreemdeling, 'n indringer.

Kinders was in die Ou Nabye Oosterse samelewing baie belangrik, nie slegs ter wille van die voortsetting van 'n bloedlyn of familienaam nie. Baie dinge kon egter skeefloop. In 'n gewelddadige samelewing kon swanger vroue seerkry – sy kon doelbewus aangerand word, of sy kon per ongeluk in die pad kom van mans wat baklei. Die vroegste vorms van wetgewing maak erns met die wyse waarop 'n swangerskap tot 'n einde kom – straf is opgelê en vergoeding vir verlies is geëis (vgl Lafont 1994:108-109). Kinders was natuurlik ook belangrik vir die hiernamaals. Tablet XII van die *Gilgamesj-epos* is 'n vertaling van 'n deel van 'n veel ouer Sumeriese gedig: *Bilgames en die Onderwêreld* (vir vertalings sien George 2003:728-738 vir die Akkadiese Tablet XII; George 1999:175-194 vir 'n Engelse vertaling van die Sumeriese gedig). Diegene met 'n nageslag is net soveel beter daaraan toe as iemand wat kinderloos sterf: 'n nageslag sorg dat 'n mens se naam in herinnering bly en bring voortdurend offerandes om die lewe daar onder 'n bietjie op te kikker.

Les bes, die huwelik was alles behalwe maanskyn en rose. Volgens wet was dit ook toelaatbaar vir 'n man om sy vrou te slaan, rond te pluk, en haar ore te kneus sonder dat enige straf hom opgelê word (vgl Otto 1994:164)!

1.2 Ou Testament

Die Ou Testament ken nie 'n woord vir 'huwelik nie' (bespreking volg hieronder). Die Aartsvaderverhale weerspieël egter heelwat ooreenkomste met die 'huwelikspraktyke' van die res van die Ou Nabye Oosterse volke. Dit was meestal 'n reëling wat deur twee families getref is (Dorey 2005:544) – verkieslik binne dieselfde klan

(vgl Gen 24; Gen 28 & 29). Dit was belangriker dat die families die ‘huwelike’ moes goedkeur as dat die betrokke twee jongmense vir mekaar ‘lief’ moes wees, alhoewel so ‘n verbintenis ook op liefde kon uitloop (soos Isak en Rebekka in Gen 24:67).

Die Jakob-verhaal (Gen 27-29) is ‘n voorbeeld van die huwelikspraktyke in die Ou Nabye Ooste. ‘n Huwelik binne familie-klanverband word vooraf aangemoedig: as Jakob vir Esau vlug, sê sy moeder Rebekka dat hy na Haran toe gaan waar haar broer Laban bly (Gen 27:43). Sy vader ondersteun die voorstel en neem dit selfs verder – Jakob moet met een van Laban se dogters trou (Gen 28:2). Daar word ooreengekom vir ‘n bruidsprys: sewe jaar arbeid (Gen 28:18), maar Jakob mag egter nie nie met die vrou van sy eerste keuse trou nie. Die gebruik, verduidelik Laban, is dat die jongste dogter nie voor die oudste mag trou nie (Gen 29:26). Kinders – of die gebrek aan kinders word ‘n belangrike tema. Die Here het gesien dat Jakob vir Ragel meer as vir Lea liefhet, toe gee Hy vir Lea kinders, maar Ragel het kinderloos gebly (Gen 29:31). Die jaloesie en wedywering tussen die twee susters en selfs die wyse waarop hulle hul slavinne in die kompetisie betrek, word aangrypend in Genesis 30 en verder uitgebeeld.

Benewens die konvensionele gebruike van die tyd, kom twee ander sake ook aan die orde. Poligamie was algemene praktyk (vgl Berlejung & Merz 2006:136; De Vaux 1988:25), en ook in hierdie samelewing – soos vroeër in die Ou Nabye Ooste – was daar ‘n besondere kommer oor die voortbestaan van die menslike spesie in verband met swangerskap of altans, die onnatuurlike beëindiging daarvan. Enkele van die burgerlike wette van die Ou Testament – die sogenaamde *mishpatim* – handel oor die omstandighede en wat moet gebeur wanneer ‘n swanger vrou seerkry (Eks 21:22-25; vgl ook Van Seters 2003:109-110).

Kinderloosheid was inderdaad ‘n probleem vir die Ou Testament. Benewens Ragel en Lea se situasie (sien bo) is daar twee ander verhale wat die spanning rondom kinderloosheid illustreer: die verhale van Abraham, Sara en Hagar (Gen 16) en Elkana, Hanna en Peninna (1 Sam 1:6). Die vrou wat kinders in die wêreld kon bring, het op die ander een neergekyk en die lewe vir mekaar – en vir die mans – ondraaglik gemaak!

Soos elders in die Ou Nabye Ooste was die leviraatshuwelik egter min of meer verpligtend (vgl Deut 25:5 – 10) ter wille van die

voortsetting van 'n bloedlyn en 'n erfgenaam (vgl ook Berlejung & Merz 2006:136; Dorey 2005:544). Heelwat poligame huwelike is voltrek as gevolg van die verpligte die leviraatshuwelik, maar orals, in die Ou en Nuwe Testamentiese tye, was poligamie 'n aanvaarde sosiale norm.

Die Ou Testament gee teenstrydige uitsprake wat betref 'huwelike' met nie-Israeliete. Enersyds skep verbintenisse met 'vreemde vroue' groot probleme. Onwyslik het koning Salomo (1 Kon 11) juis op uitlandse vroue verlief geraak, die Here vertoorn, en daarom het die Ryk geskeur, aldus die Koningsverhaal. 'Vreemde vroue' sou in die post-eksiliese tyd veral 'n problematiese aangeleentheid word. Esra (9:1-3)² skeur sy klere en trek sy hare en baard hieroor uit. Uiteindelik in hoofstuk 10 kry hy dit reg dat almal wat met 'vreemde vrouens' getroud was hulle van die vrouens afskei en hulle – die vrouens – saam met hul kinders wegstuur.

Andersyds vind Rut, die Moabitiese ook haar weg in die Bybel as voorsaak van die latere groot koning Dawid, ten spyte daarvan dat Deuteronomium 23:3 uitdruklik verbied dat 'n Ammoniet of Moabiet, of enigeen uit hul nageslag lid van die 'gemeente' mag word, nie eens van die tiende geslag nie...³.

Die voorafgaande bespreking maak dit duidelik dat 'huwelike' in die Ou Testament in die eerste plek nie op 'liefde' gebaseer was nie, dit was 'n familie-aangeleentheid. As 'liefde' uit so 'n verhouding voortgevloei het – en dit het inderdaad gebeur – was dit egter 'n bonus. Die voltrekking van 'n verbintenis tussen 'n jong man en 'n jong meisie moes aan bepaalde voorwaardes voldoen, en moes verloop volgens die vereistes wat die samelewing gestel het. Verder blyk dit egter ook dat die samelewing met verloop van tyd hierdie voorskrifte sou moes aanpas omdat bestaande reëls of uitgedien of heeltemal te rigied was. Rut en die konsekwensies van haar huwelik met Boas weerspreek radikaal die ideale van Deuteronomium en

2 Die priester-skrifgeleerde Esra en die boek wat sy naam dra, word post-eksilies gedateer, tussen 458-440 vC (vgl Finkelstein I & Silberman N 2002:297-303; 1458-420 vC volgens Spangenberg 2000:184-186).

3 Alhoewel dit moeilik is om die boek Rut te dateer aangesien ou gebruike soos die leviraatshuwelik ter sprake kom, word 'n algemene post-eksiliese datering aanvaar (sien Spangenberg 2000:190-192). Hierdie novelle dien as teenvoeter vir die eksklusiewe voorskrifte in Dt 23:3, asook vir die ongenaakbare houding van Esra en sy tydgenoot, Neh.

Esra. Die verhaal van Ester, alhoewel dit nie as *geskiedenis* gereken kan word nie (vgl Spangenberg 2000:217), skets 'n eweneens 'onaanvaarbare' scenario: 'n Joodse meisie bevind haarself in die harem van 'n Persiese koning! Huwelike weerspieël altyd die norme en gebruike van die tyd. En dit verander voortdurend namate kulturele verandering plaasvind.

1.3 Nuwe Testament

Wanneer die tyd van die Nuwe Testament aanbreek, is die wêreld gedrenk in die Grieks-Romeinse kultuur, en daar is wel 'n woord vir 'huwelik' – te wete *gamos* in Grieks, *matrimonium* in Latyn.

Malina (1993:126-127) wys daarop dat verpligtinge en rolverwagtinge binne die eerste-eeuse Mediterreense samelewing baie vas was. Ook hier was 'n huwelik hoofsaaklik bande wat tussen twee families eerder as tussen twee individue gesmee is. Die familie van die bruid het uitgekyk vir 'n bruidegom wat goed vir haar sal kan sorg, 'n goeie pa sal wees en ook 'n gerespekteerde burger van die samelewing is. Kameraadskap en vertroosting wat so 'n verhouding kon bied, is nie in berekening gebring nie – politieke of ekonomiese oorwegings soms wel. Selfs in die Nuwe-Testamentiese tyd is die vrou nie onmiddellik by haar nuwe familie geïntegreer nie. Sy is bejeën as 'vreemdeling' (Malina 1993:127) wat vir die grootste gedeelte van haar lewe op die periferie van haar man se familie bly staan het. Eers wanneer sy geboorte skenk aan 'n seun, verander haar status ietwat. Nou het sy meer sekuriteit gehad. Die seun het sy moeder se 'bondgenoot' geword en haar belange beskerm – teen sy pa en later selfs teen sy eie vrou!

Na aanleiding van tekste soos 1 Korintiërs 7 lei Berlejung en Merz (2007:136) af dat poligamie teen hierdie tyd afgeneem het en die monogame huwelik meer algemene praktyk was. Binne huwelike het streng morele beginsels gegeld, wat veral gemik was teen die 'onsedelike praktyke' binne die Grieks/Romeinse wêreld. Al die tekste in die Nuwe Testament wat oor die huwelik handel, is egter kulties-kultureel-bepaalde tekste en weerspieël die drag, gedrag en sosiale norme van die tyd. Dit was 'n patriargale samelewing en huwelike is in patriargale terme verstaan. 'n Voorbeeld van so 'n teks is 1 Korintiërs 11:3-16: min vroue ag dit vandag 'n 'skande' om hul hare te laat afsny (vers 6)!

1.4 Grieks-Romeinse wêreld

Dafni (2006) argumenteer dat die ideaal van 'n monogame lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou vanuit die Griekse mitologie kom. Genesis 1:24⁴ is na haar mening 'n baie laat invoeging en sterk onder Grieks/Romeinse invloed. In die Ou Nabye Ooste en ook in Oud-Israel was dit immers deurgaans die gebruik dat dit nie die man was wat sy familie verlaat het nie, maar die vrou wat haar intrek by die man en sy familie geneem het.

Verder is dit ook so dat Grieke en die Romeine byna die enigste volke in die antieke wêreld was wat nie poligamie beoefen het nie (Dorey 2005:553). Die Bybel skets die seksuele praktyke van hierdie volke baie negatief, asof hulle volkome sedeloos en losbandig gelewe het (vgl bv Rom 1:18 ev). Natuurlik het promiskuiteit voorgekom – soos orals in die wêreld en te alle tye – maar dit was nie die norm nie. In Rome in die eerste eeu (nC) was die ideaal 'n monogame huwelik wat lewenslank duur (Treggiari 1991:233-235). Vir die filosoof Seneca het die Griekse verhaal van Odusseus en Penelopeia as model gegeld (1991:216) – 'n lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou, maar veral die trou en kuisheid wat die vrou handhaaf. Net soos in die Ou Testament is owerspel nie geduld nie, en is later deur die wet gestraf (1991:271-272).

Gewoonlik het meisies in hul laat tienerjare getrou met 'n jongman wat reeds volwassenheid bereik het (Treggiari 1991:217). Die families het steeds 'n sê in die saak gehad, maar het tog die gevoelens van die voornemende bruid en bruidegom in ag geneem. Steeds was *digna conditio* 'n voorvereiste: herkoms, rykdom, sosiale posisie ensovoort het 'n baie belangrike rol gespeel in die keuse van 'n huweliksmaat. Dit was veral – ironies genoeg – binne die hoër sosiale en politiese kringe die geval. Tog, na aanleiding van 'n hele aantal briewe en grafskrifte (1991:495-502) lyk dit asof daar wel intense emosionele gevoelens tussen 'n man en sy vrou bestaan het.

Die voorwaarde vir 'n huweliksluiting blyk 'konsensus' te gewees het (Brooke 1989:134; Thatcher 1999:109). Dit beteken dat 'n man en vrou uit eie keuse belowe het om met mekaar te trou, en bereid was om dit volgens wetlike bepalings te doen. Hulle sou geen

4 Daarom sal 'n man sy vader en sy moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een word.

voorwaardes stel nie, en in die teenwoordigheid van getuies verklaar dat hulle mekaar as man en vrou sal neem. Daarna was dit moeilik (wel moontlik) om uit te draai.

Treggiari (1991:120–121) som die huwelik in eerste eeuse Rome soos volg op. Eerstens was die ideaal van die huwelik wedersydse ondersteuning wat getrouheid, selfopoffering, wedersydse respek, vertrouwe en openbare blyke van nabyheid insluit. Hiervan dateer bewyse reeds uit die tyd van Plautus. Tweedens was daar blyke van 'n verhoogde verwagting van persoonlike geluk, geluk in die private lewe, asook beroepsbevrediging (veral onder die politici van die Laat Republiek). Derdens was daar 'n gewaarwording van romantiek. Dramas, beide komedie én tragedie het die aktualiteit van erotiese verhoudinge buite die aanvaarbare grense uitgebeeld, veral verhoudings tussen twee verliefdes waar die families mekaar om die een of ander rede haat, of waar die twee uit verskillende sosiale ekonomiese klasse kom.

In hierdie samelewing was dit steeds ondenkbaar dat iemand om die een of ander rede nie sou wou trou nie. Die Vestaalse maagde was 'n uitsondering: daar was egter slegs ses maagde op 'n keer aan diens en na dertig jaar kon hulle aftree (Treggiari 1991:83). Verder het mans ook gereeld seksuele avontuurtjies met slavinne of prostitute gehad. Vroue is aangeraai om maar liefst 'n blinde oog te draai aangesien dit maar is hoe 'n man is. Die gedagte was waarskynlik dat hierdie eskapades min beteken het en vlietend van aard was – kortstondige plesiertjies was een ding, maar langdurige *affairs* was egter 'n ernstige oorskryding van aanvaarbare praktyk (Treggiari 1991:315).

Die huwelik in die laat-antieke Romeinse reg was weliswaar nie veel meer as 'n kontrak nie (Van Wyk 2006:30). Twee partye het 'n ooreenkoms aangegaan maar sou die ooreenkoms kon ophef, as hulle wou.

1.5 Middeleeue

*Various forms of nuptial blessings are well recorded by the second century, and may well have a distinguished ancestry in the nuptial ceremonies of the Jewish synagogues and the early church. But marriage was still fundamentally a **civil institution** and could be entered without such blessing...nor do we have any trace of a complete ritual of marriage in service books earlier than the **eleventh century*** (Brooke 1989:58; my beklemtoning). Die Kerk van

die Middeleeue, die Rooms Katolieke Kerk het gebruike rondom die huwelik van elders oorgeërf: naamlik van die groot Romeinse Ryk en van die barbaarse stamme wat onder Romeinse invloed gekom het. Die huwelik was 'n burgerlike instelling.

In die vroeë kerk tot en met die Middeleeue gebeur daar egter ook iets anders: wat gemaak met seks? Reeds in die tyd van Paulus was die handhawing van die selibaat 'n besondere prestasie en 'n sterk neiging tot asketisme het posgevat (Berlejung & Merz 2006:136; vgl ook Mat 19:12). Mettertyd word seks gelykgestel aan sonde, behalwe as dit binne die huwelik gebeur en met die uitsluitlike gedagte dat kinders uit so 'n verbintenis moet voorkom, alias Justinus die Martelaar, (c. 100 – 165; vgl Brooke 1989:134-135). Die ekstreme Gnostici het die liggaam en liggaamlike genot gereken tot die gevalle en sondige wêreld (vgl Thatcher 1999:134), maar terselfdertyd het seks en erotiek nie van die toneel af verdwyn nie.

'n 'Konkubine' in die vierde eeu (nC) was egter vir die Kerk sosiaal heeltemal aanvaarbaar (Brooke 1989:66). 'n Man mag 'n konkubine hê solank hy net een het, en solank hulle getrou aan mekaar bly. Die verskil tussen 'n konkubine en 'n vrou het met sosiale en wetlike status te make gehad. Die vrou was 'n man se sosiale gelyke, die konkubine was 'n bediende. Die lewe van Augustinus is 'n voorbeeld hiervan. In sy *Confessiones* (vgl Brook bo) skryf hy oor sy konkubine wat 'n hele aantal jare saam met hom geleef het, totdat sy moeder 'n geskikte meisie gevind het om sy vrou te wees. Tot sy bittere verdriet was hy verplig om die konkubine weg te stuur.

Uiteindelik kies Augustinus om nie te trou nie.

Die eerste bekende 'huwelik' in die Weste waar 'n priester sy seën uitgespreek het, is tydens 'n seremonie in Durham, Engeland 950 nC (Thatcher 1999:109). Intussen kom daar 'n verdere seremonie by: die verlowing. In Frankryk en in Engeland was dit heeltemal aanvaarbaar dat 'n paartjie direk na die verlowing-seremonie kon saambly, seksueel aktief kon wees, en dat die 'voortydige' kind inderdaad 'n wettige kind en erfgenaam gereken is (Thatcher 1999:110-111). Die huwelik is dus gesien as 'n 'proses' eerder as 'n bepalende moment van een lewensfase na 'n ander; dit begin by 'n belofte en eindig in swangerskap. Kerklike moraliste van die Vroeë Kerk tot lank na die Middeleeue – feitlik tot in die laat 20e eeu – sou

egter altyd 'n element van sonde in seks sien; dit kon slegs geregverdig word deur die behoefte om kinders in die wêreld te bring, en dan slegs binne huweliksverband: '...it was moral as long as there was no pleasure in it' (Brooke 1989:132).

Soos genoem, het die Kerk van die Middeleeue heelwat beginsels rakende die huwelik van die vroeëre Romeinse Ryk oorgeneem. Volgens Romeinse wetgewing was die grondbeginsel waarop die huwelik gebaseer is, dié van *konsensus* (vgl bo: Brooke 1987:137; Thatcher 1999:109). *Konsensus* het impliseer dat 'n man en 'n vrou uit eie keuse met mekaar wettiglik getroud wil wees, dat hulle geen voorwaardes stel nie en bereid is om in die teenwoordigheid van getuies te verklaar dat hulle mekaar as man en vrou neem. Van hier is omdraaikans wel moontlik, maar nie sonder implikasies nie. Op watter ouderdom sou so 'n keuse uitgeoefen kon word? 'n Vrou moes ten minste 12 en 'n man 14 jaar oud wees. Dit was die bepalende ouderdomme vir toerekeningsvatbaarheid.

Natuurlik het alles nie seepglad uitgewerk nie. Ouers het meestal gevoel dat hulle oor meer wysheid as hul kinders beskik, en veral in adellike kringe het erfgename wat aanspraak op landgoed of die troon kon maak min te sê had in sy of haar voornemende keuse vir 'n huweliksmaat. 'n Sterk bewuswording ontstaan dat geluk dalk buite die grense van die huwelik by iemand anders kan lê. Tussen die 11e tot die 14e eeue sing 'Troebadoers' in Frankryk en 'Minnesangers' in Duitsland oor liefde: romantiese liefde (sien internetbronne by bibliografie). Baie liedere gaan om ongeoorloofde liefde, veral onder die adel-klas. Hy of sy is vasgevang deur die bande van 'n gedwonge huwelik; 'ware' liefde lê elders.

Benewens gedwonge huwelike is verhoudinge dikwels ook streng verbied: Shakespeare se *Romeo and Juliet* is 'n tragiese voorbeeld van so 'n verbode liefde.

Eers sedert die 13e eeu het die Kerk 'n groter sê in die hartsake van die mens. Die vierde Lateraanse Konsilie van 1215 vereis byvoorbeeld die seën van 'n priester by die voltrekking van 'n huwelik, maar dis nog nie 'n voorwaarde vir die geldigheid daarvan nie. Eers na die Konsilie van Trent in 1563 word die huwelik vir die Rooms Katolieke Kerk 'n sakrament (vgl ook van Wyk 2006:33). *Die huwelik word 'n instelling van God...*

1.6 Huidige toedrag van sake

Die twintigste eeu weerspieël 'n radikale transformasie in die samelewing. In die eerste helfte van die eeu was dit die ideaal dat vroue nie buitenshuis hoef te werk nie aangesien dit haar man se plig was om vir haar te sorg. Dit was dan ook inderdaad meestal die geval binne die welgestelde Westerse middelklas gemeenskap. Die vrou se plek was in die huis en by die kinders; ook was dit ondenkbaar dat 'n vrou nie kinders sou wou hê nie. Die meeste huwelike is *binne gemeenskap van goedere* gesluit om die wedersydse vertroue tussen man en vrou te beaam. Egskeiding was min of meer onaanvaarbaar en in die oë van die gemeenskap 'n skande.

Seks voor of buite die huwelik was 'sonde' én 'n oorskryding van die sewende gebod. Dis owerspel genoem. Die NG Kerk het jongmense streng teen 'saamwoon' en 'saamslaap' voor die huwelik gewaarsku en alles met die Bybel probeer regverdig. Sommige dominees het selfs geweier om paartjies te trou as dit sou blyk dat die voornemende bruid reeds swanger was. Verder moes 'n tugproses eers afgehandel word voordat die babatjie uit so 'n huwelik gedoop kon word (vgl Müller 2002:23-24). Ongetroude swanger vroue was 'n skande vir die familie en is dikwels na die sogenaamde 'tehuise vir ongehude moeders' gestuur.

In die tweede helfte van die twintigste eeu verander alles. Vroue werk buitenshuis, nie omdat hulle moet nie, maar omdat hulle hulself wil en kan verwesenlik. Die egskeidingsyfers skiet die hoogte in – mense verkies om te skei, eerder as om in 'n ongelukkige huwelik vasgevang te wees. Gesinsgeweld, fisies en psigies word openlik aan die kaak gestel. Ontnugter deur hul ouers se huwelike, verkies jongmense om liefes saam te woon voordat hulle trou. Voorbehoedmiddels is vryelik beskikbaar en aborsies is wettig. Dis egter nie slegs jongmense wat saamwoon nie. Ouer mense wat die risiko loop om hul pensioen te verloor of wat soveel teenstand van kinders uit 'n vorige huwelik ervaar, woon ook saam. Vroue wat hul loopbaan eerste stel, kies doelbewus om nie kinders te hê nie. Mans en vroue verkies om enkellopend te bly – en dit het niks met godsdiens of die selibaat te make nie. Enkelouerskap is nie 'n vreemde verskynsel nie – of die moeder voorheen getroud was, of nie.

Dit lyk asof sedelike en morele verval aan die orde van die dag is. Maar is dit werklik die geval?

Strukture in die samelewing het radikaal verander. 'n Hoofsaaklik patriargale struktuur het transformeer na 'n struktuur van gelykheid (vgl Thatcher 1999:292). Tekste soos 1 Korintiërs 7, 1 Korintiërs 11:1-16, Efesiërs 5:21-23 raak toenemend moeiliker om vanuit te preek. 'n Onvermoë om seksuele begeertes te hanteer, is lank al nie meer die enigste rede waarom mense trou nie (1 Kor 7:2 & 9). Westerse vroue van die een en twintigste eeu aanvaar baie moeilik dat hul mans 'die heerlikheid van God is' en hulle die 'heerlikheid van die man' is (1 Kor 11:7), nog minder dra hulle 'tekens van die man se gesag op hul koppe' (1 Kor 11:10). Die uitspraak dat 'die man hoof is van die vrou' (Ef 5:23) kan buite die sosiale kulturele konteks van sy tyd aanleiding gee tot soveel magismisbruik en uitbuiting, en mag dus nie meer letterlik van toepassing op die hedendaagse samelewing gemaak word nie. Huwelike wat op hierdie soort patriargale basis gebou word, loop 'n groot risiko om te verbrokkel, omdat dit in stryd is met die waardes en norme van die gemeenskap. Die man is nie meer baas oor die vrou nie – hulle is gelyke partners by die werkplek, maar ook in die huwelik.

Die Westerse samelewing van die een en twintigste eeu is besig om te transformeer. Wat beteken dit vir die huwelik? 'The treatment of marriage after modernity provides a sufficiently broad canvas for wide, far-reaching social changes to be brought into frame. Two of these are the overcoming of patriarchy and heterosexuality as institutions' (Thatcher 1999:290), en dit geld ook vir die Christelike huwelik. Vir eeue lank was 'die huwelik' patriargaal en heteroseksueel van aard. Dit het ook die struktuur van die samelewing weerspieël. Intussen het die struktuur van die Westerse samelewing verander. Watter implikasies het dit vir die huwelik: is dit moontlik om weg te doen met patriargie en heteroseksualiteit as norme vir die Christelike huwelik?

2 DIE BYBEL

2.1 Huweliksformulier

Die huwelik is deur God ingestel toe Hy aan die begin gesê het: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie; Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke." So het Hy hulle as man en vrou geskep om mekaar as huweliksmaats aan te vul en by te staan. Om

so deur die Here verenig te wees is 'n voorreg, 'n vreugde en 'n verantwoordelikheid (Handboek vir die Erediens 1983:100).

Ook Heyns (1986:133) verwys na Genesis 2:18 (bo) as hy die huwelik as 'n 'goddelike skeppingsordinansie' beskou. Volgens hom is die huwelik 'deur God, reeds by die skepping ingestel as die – enigste – fisiese wyse waarop sy koninkryk van nuwe burgers voorsien word...'.

Hierdie begin van die huweliksformulier en Heyns se aansluiting daarby, is – om die minste daarvan te sê – problematies.

2.2 Eksegetiese opmerkings

Die Hebreeus van die Ou Testament het geen woord vir 'huwelik' nie (vgl ook Berlejung & Merz 2006:135). 'n Man het; 'n vrou 'gevat/geneem' (Gen 24:67; 25:1), by haar ingegaan/gekom (Gn 29:23; Rut 4:14) of 'opgetel' (Rut 1:4) (De Villiers 2006 op www.teo.co.za). Die aanname dat *God die huwelik ingestel het*, is dus 'n afleiding wat op grond van 'n teks gemaak word, maar is hierdie aanname geldig?

Genesis 2:18 dien as uitgangspunt vir die instelling van die huwelik: God skape die mens en 'n helper vir hom. Hierdie vers volg direk op die verbod om te eet van die 'boom van kennis van goed en kwaad' (vers 17). Gerhard Von Rad (1972:82) sien hierdie teks binne die hele konteks van die skeppingsverhaal van Genesis 2. God het die mens eerste geskape en toe 'n tuin aangeplant. Vervolgens neem Hy Hom voor om vir die mens 'n maat te maak want *dit is nie goed dat die mens alleen is nie* (2:18). 'Man is created for sociability' reken Von Rad (1972:82): die mens is as 'n sosiale wese geskape. Hierdie gedeelte wil iets vertel van God se besondere sorg vir die mens en sy betrokkenheid by die mens se behoeftes. Op hierdie stadium het die mens 'n behoefte aan 'n metgesel, nie 'n huweliksmaat nie.

Vervolgens skape God 'n maat, 'n helper. Die maat, die *helper*, is een soos hy. Insiggewend is die feit dat die Hebreeuse woord wat hier vir *helper* gebruik word in die manlik enkelvoudvorm voorkom terwyl die vroulike vorm ook goed bekend en gebruik is (vgl bv Ps 60:13; Ps 108:13 – Biblica Hebraica Stuttgartensia). *Helper* hier dui eerder op die mens se ewebeeld/teenbeeld/eweknie. God wil vir die mens 'n teenhanger maak, een wat teen hom opgewasse is (Van Selms 1979:57). Van Selms (1979:57) wys verder daarop dat die

verwante Ugaritiese woord vir *helper* beteken ‘a free masculine person who has reached manhood and is entitled to military service’. Von Rad (1972:82) benadruk: ‘...one may not here personify ‘ēzer (‘helper’) and translate it ‘helpmate’ with reference to the later creation of woman’. Hierdie vers dui in die eerste plek op ’n assistent, iemand wat vir die mens innerlike en uiterlike ondersteuning beliggaam. Hier gaan dit dus nie om seksualiteit nie, ook nie oor die skepping van ’n vrou nie: allermens soos wat ‘vrou’ in ’n huweliksverband verstaan word.

Die gedagte aan ’n *hulp/eweknie/teenbeeld* is ook glad nie onbekend in die wêreld en literatuur van die Ou Nabye Ooste nie. Die *Gilgamesj-epos* beskryf hoedat die vroue van Uruk die skepper-godin, Aruru smee om vir hul arrogante jong koning ’n *gelyke, iemand soos hy* te skep (vgl George 2003:543; George 1999:4). Van Selms (1979:57) trek ’n direkte verband tussen die *Gilgamesj*-teks en Genesis 2:18: ‘...beide drukken echter de schrik voor iets onvergelijkelijks op aarde uit, de afkeer van het onsymmetrische’.

’n Heteroseksuele verhouding tussen man en vrou en die goddelike instelling van die huwelik kan dus nie op grond van Genesis 2:18 regverdig word nie.

3 GEVOLGTREKKING

Die eerste gedeelte van hierdie artikel het nagegaan hoe die huwelik en huweliksgebruike deur die eeue heen ontwikkel en verander het. Deurgaans blyk dit dat die huwelik in die eerste plek sosiale instelling met regsimplikasies is. Gebruike rondom en wette rakende die huwelik weerspieël norme en waardes van ’n samelewing en die kultuur van so ’n samelewing. Alles verander namate samestelling en die gebruike in die samelewing verander.

Die tweede gedeelte het die teks (Gen 2:18) wat tradisioneel vir die instelling van die huwelik gebruik word, ontleed. Dit het geblyk dat hierdie teks niks met die huwelik te make het nie, en dat die afleiding dat God die huwelik by die skepping ingestel het, ongeldig is.

Dit is heeltemal moontlik om slegs voor ’n landdros te trou en nie in ’n kerk – of moskee, sinagoge, tempel – nie. Volgens die Huwelikswet 25 van 1961 (art 1) is ‘huweliksbeampte’ in die eerste plek ’n regspersoon. Volgens artikel 3 van bogenoemde wet kan dit ook betrekking hê op Christelike, Joodse, Moslem of enige van die

Indiese godsdienstige leiers, mits so 'n persoon aan die nodige wetlike vereistes voldoen. Inderdaad, nie slegs Christene trou nie, maar ook Jode, Moslems, Hindoes en andere. Die meeste mense wat erns met hul godsdiens maak, wil graag 'n goddelike seën oor hul verbintenis laat uitspreek. Die geldigheid van so 'n verbintenis is egter in die eerste plek 'n wetlike en geregtelike saak: die seremoniële en godsdienstige gebruike wissel van kultuur tot kultuur.

Is die huwelik egter noodwendig 'n heteroseksuele instelling?

Uiteraard wil dit so lyk: deur die geskiedenis is huwelike of verbintenisse immers slegs tussen twee (of meer) mense van die teenoorgestelde geslag voltrek. Is dit egter 'n onveranderlike gegewe?

'It is surely obvious that marriage historically has changed and will continue to change. Why should it not change in order to encompass those lesbian and gay couples who wish it for themselves?' (Thatcher 1999:297).

In die hedendaagse samelewing is daar 'n groter openheid en verdraagsaamheid teenoor gay mense. Heelwat van hierdie mans en vroue is diep gelowiges, en begeer net soos heteroseksuele mense dat hul verhouding ook deur die Kerk erken en goedgekeur word.

Die kerk – spesifiek die NG Kerk – se houding het in die afgelope tyd ook merkbaar verander teen sake wat vantevore as 'skande' gereken is. Mense wat deur 'n egskeiding gaan, word baie simpatiek hanteer en bygestaan. So ook 'n meisie wat onverwags swanger word en beplan om die baba te behou: sy het immers die keuse om 'n aborsie te ondergaan. Geskeide mense, enkellopende swanger vroue en (heteroseksuele) paartjies wat openlik saamwoon, kom nie meer onder die *tug* nie en word ook nie daarvan weerhou om Nagmaal te gebruik nie.

Ten opsigte van homoseksuele lidmate en homoseksuele verhoudinge is daar egter 'n huiwering.

Müller (2002:31) stel die volgende kriteria vir 'n verhouding: wederkerig, duursaam, vry en veilig. Vele heteroseksuele huwelike is nie juis 'n voorbeeld in hierdie verband nie. Dit is tog insiggewend dat *seks* en *sonde* vir die laaste 2000+ jare aan mekaar gekoppel is: die oortreding van die sewende gebod (sien bespreking hierbo). 'Hulle lewe in *sonde* saam', is dikwels gesê van 'n man en vrou wat

saamwoon maar wat nie getroud is nie. Dieselfde is nooit gesê van huwelike waar geweld, onderdrukking, misbruik en verkleining aan die orde van die dag is, en waar seksuele omgang afgedwing of weerhou word om te manipuleer en seer te maak nie. Daar moet ernstig nagedink oor wat ‘die huwelik’ impliseer: is dit noodwendig die enigste ruimte vir ‘n een-tot-een duursame seksuele verhouding? Veronderstel so ‘n verhouding noodwendig twee partners van die teenoorgestelde gelsag?

Die Grondwet van Suid Afrika erken nog nie iets soos *gay huwelike* nie, alhoewel die Wet op Burgerlike Verbintenisse, 17 van 2006, artikel 8 (6) voorsiening maak dat *gay* verbintenisse ook wettig kan wees waar al die regsimplikasies van ‘n huwelik geld. Natuurlik durf die Kerk nie die wette van die Staat verbreek of sommer eie wette maak nie – maar waarom die arms nie wyer oopgooi vir gelowige *gay* lidmate wat openlik wil saamwoon en God se seën op hul verhouding verlang nie?

Literatuurverwysings

- Berlejung, A & Merz, A 2006. *Ehe in Handbuch theologischer Grundbegriffe zum Alten und Neuen Testament*. Darmstadt: WBG, 135-138.
- Brooke, C N L 1989. *The Medieval Idea of Marriage*. Oxford: Oxford University Press.
- Dafni, E 2006. Genesis and Euripedes in *Virtue Ethics between Hellas and Israel during the Classical and Hellenistic Period*. Referaat gelewer te Stellenbosch, 15.10.2006
- De Vaux, R 1988. *Ancient Israel. Its Life and its Institutions*. London: Darton, Longman & Todd Ltd.
- Dorey, P 2005. Diakroniese perspektiewe op die huwelik. Kultuur-historiese gesigspunte vanuit verskillende tye en omstandighede (2112 vC-1753 nC) in *Old Testament Essays* Vol 18/3, 542-566.
- George, A 1999. *The Epic of Gilgamesh. A New Translation*. New York: Barnes & Noble.
- George, A R 2003. *The Babylonian Gilgamesh Epic. Introduction, Critical Edition and Cuneiform Texts*. Volume I. Oxford: University Press
- Heyns, J A 1986. *Teologiese Etiek*. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.
- Kuhrt, A 1995. *The Ancient Near East c. 3000 – 330 BC*. Volume I. London: Routledge.
- Lafont, S 1994. Ancient Near Eastern Laws: Continuity and Pluralism in Levinson, BM (red). *Theory and Method in Biblical and Cuneiform Law. Revision, Interpolation and Development*. Sheffield: Sheffield Academic Press Ltd, 91-118.

- Malina, B J 1993. *The New Testament World. Insights from Cultural Anthropology*. Louisville: Westminster/John Knox Press.
- Müller, J 2002. *Gesinne van Binne*. Bloemfontein: Barnabas.
- Otto, E 1994. Aspects of Legal Reforms and Reformulations in Ancient Cuneiform and Israelite Law in Levinson, BM (red). *Theory and Method in Biblical and Cuneiform Law. Revision, Interpolation and Development*. Sheffield: Sheffield Academic Press Ltd, 160-196.
- Spangenberg, I J J 2000. The Literature of the Persian Period in Boshoff B et al. *Ancient Israelite Literature in Context*. Pretoria, Protea, 168-198.
- Thatcher, A 1999. *Marriage after Modernity. Christian Marriage in Postmodern Times*. New York: New York University Press.
- Treggiari, S 1991. *Roman Marriage. Iusti Coniuges from the Time of Cicero to the Time of Ulpian*. Oxford: Clarendon Press.
- Van Selms, A 1979. *Genesis deel I (POT)*. Nijkerk: Callenbach.
- Van Seters, J 2003. *A Law Book for the Diaspora. Revision in the Study of the Covenant Code*. Oxford: University Press.
- Van Wyk, A 2006. Nuwe Reëls en Risiko's in *Beeld* 2006/10/05, 33.
- Von Rad, G 1972. *Genesis*. London: SCM Press Ltd.

Ander

Handboek vir die Erediens 1988.

Biblica Hebraica Stuttgartensia.

Die Huwelikswet 25 van 1961.

Die Wet op Burgerlike Verbintenisse 17 van 2006.

Internet

De Villiers G 2006. Die huweliksformulier: teologies nagedink op www.teo.co.za, 16 Nov 2006.

<http://en.wikipedia.org/wiki/Troubadour>

<http://en.wikipedia.org/wiki/Minnesinger>